

**BESTUURSKALENDER VIR WOLSKAPE IN DIE SOMERREËN-  
GEBIEDE VAN SUID-AFRIKA  
(DESEMBER & JANUARIE)**

AANGEBIED DEUR DIE  
PRODUSENTE DIENSTE VAN DIE  
NASIONALE WOLKWEKERSVERENIGING VAN SUID AFRIKA (NWKV)



Die NWKV se Produksie Advies Diens publiseer elke 2 maande 'n lys van bestuurs-aksies wat as belangrik vir die daardie twee maande beskou word. Dit sal u help om u vekukdde beter te bestuur.

**1. Suiplammers (Augustus en September se lammers)**

- 1.1 Doseer alle lammers ouer as 12 weke teen lintwurm en rondewurms.
- 1.2 Ent alle lammers ouer as 12 weke teen siektes soos bloutong, slenkdal, bloednier en pasteurella. Maak waar moontlik van kombinasie entstowwe gebruik.
- 1.3 Speen alle lammers en selekteer vervangings-ooie.
- 1.4 Skuif die speenlammers na goeie weiding en verskaf 'n goeie protein-lek indien nodig.
- 1.5 Neuswurm is baie aktief in November tot Januarie en word dit sterk aanbeveel om hierdie dosering te doen.

**2. Ooie wat in Oktober/November gepaar is**

- 2.1 Scan ooie 5 tot 6 weke nadat die ram uitgehaal is. Ooie wat droog scan, kan verkoop word. Gebruik hierdie geld om dragtige (verkieslik 2tand) ooie in te koop.
- 2.2 Ooie wat vroeër as Oktober/November gepaar is en binne die volgende 6 weke gaan lam, moet teen pasteurella, bloednier, blou-uier, rooiderm (indien dit by u voorkom) en bloedderm (indien dit by u voorkom) ge-

ent word. Voorts moet hulle teen inwendige parasiete ingespuit word en teen neuswurm gedoseer word. Doseer ook met minerale.

Maak seker dat hierdie ooie nie kondisie verloor nie. Kondisie-punt die ooie weekliks en gee kos of lek sodra die kondisie begin verswak. Let veral op na die kondisie van meerling- en tweetand-ooie. Hierdie ooie lyk gewoonlik goed omdat hulle buike baie uitsit, maar kan maklik kondisie verloor sonder dat dit sigbaar is. Ooie wat in 'n swak kondisie lam se melkproduksie is swak, die lammers groei swak en die daaropvolgende besetting is swakker.

- 2.3 Neuswurm is baie aktief in November tot Januarie en word dit sterk aanbeveel om hierdie dosering te doen.

**Belangrik:** Moenie dragtige ooie met lewendige entstowwe soos Bloutong en Slenkdalkoors spuit nie. Dit kan aborsies veroorsaak. Lees die entstowwe se pamflette om seker te maak dat dit veilig is vir dragtige ooie.

### **3. Ramme**

- 3.1 Alle bestuurs-aksies van die ramme, **moet minstens 8 weke voor die volgende paring in Maart/April afgehandel wees**. Ramme kan tydelik onvrugbaar word as hulle gehanteer of met lewendige entstof ingespuit word. Dit vat dan 8 weke vir hulle om weer hul semenvolume aan te vul. Dit sluit aksies soos die volgende in:
- 3.1.1 Toets die ramme vir vrugbaarheid en geslagsiektes vir die herfsparing.
  - 3.1.2 Skeer die ramme en doen alle nodige inenting, doserings en aanvullings van minerale vir die herfsparing.
  - 3.1.3 Sorg dat die ramme in 'n goeie kondisie is voor paring. Prikkelvoeding soos hawerpitte of 'n goeie lek gee goeie resultate. Wees versigtig vir skoon mielies of sjokolade mielies, aangesien dit tot die aansameling van vet om die testis kan lei, wat die ramme se vrugbaarheid aantast. 'n Lek hoog in proteïen word aanbeveel. Sorg vir genoeg vreetspasie sodat die ramme almal gelyktydig kan vreet. Ramme moet pers tussen die voor- en agterbene wees wanneer hulle na die ooie gaan.

- 3.1.4 Doseer elke ram een keer per week met 20ml koringkiem die laaste 4 weke voor paring. Vir Mpumalanga word 10ml per ram per week vir ses weke voor paring aanbeveel.
- 3.1.5 Neuswurm is baie aktief in November tot Januarie en word dit sterk aanbeveel om hierdie dosering te doen.
- 3.1.6 Knip die ramme se hoewe sodat hulle sonder moeite kan loop en spring.

#### **4. Ooie wat in die herfs gepaar gaan word**

Al hierdie aksies moet 6 weke voor paring afgehandel wees.

- 4.1 Mikskeer ooie. Dit help die ramme om hul gemakliker te dek.
- 4.2 Ent ooie teen ensootiese aborsie, pasteurella, bloednier en bloutong.
- 4.3 Doseer met orale middels teen rondewurms en neuswurm.  
Doseer met minerale.

#### **5. Vervangings-ooie**

- 5.1 Ent die ouer groep ooitjies, wat in die herfs die eerste keer gepaar gaan word, teen ensoötiese aborsie, asook pasteurella, bloednier, bloutong, slenkdal, ensomeer.
- 5.2 Die ooitjies wat so pas geselekteer is (wat in Augustus/September gebore is), moet met Bloutong gedoseer word. Doen A, B en C apart en wel 6 weke uitmekaar.
- 5.3 Ent die jong ooitjies met bloednier opvolg.
- 5.4 Neuswurm is baie aktief in November tot Januarie en word dit sterk aanbeveel om hierdie dosering te doen.

**Belangrik:** Jong diere wat vir die eerste keer voorkomend geënt word, moet binne 6 weke weer geënt word om weerstand te versterk. As dit nie gedoen word nie kan swakker weerstand verwag word.

**BELANGRIK: KONTAK U PLAASLIKE VEEARTS AS U OOR ENIGE VAN  
DIE DIERE-GESONDHEID AANBEVELINGS TWYFEL! MOENIE  
DRAGTIGE OOIE MET LEWENDIGE ENTSTOWWE SOOS BLOUTONG EN  
SELENKDAL ENT NIE. DIT KAN ABORSIES VEROORSAAK. LEES ALLE**

**ENTSTOWWE, DOSEERMIDDELS EN VOERE SE PAMFLETTE OM U TE  
VERGEWIS VAN DIE VEILIGE GEBRUIK DAARVAN.**

<http://www.nwga.co.za/downloads/generiese-bestuurskalender.html>

[http://www.nwga.co.za/downloads/skaapbestuursproram\\_en\\_kalender.xls](http://www.nwga.co.za/downloads/skaapbestuursproram_en_kalender.xls)

**Indien u meer inligting verlang, skakel asseblief u naaste NWKV-kantoor**

Carnarvon – Gawie van Wyk - 083 270 3161

Middelburg (OK) – Juan Venter - 079 693 1953

Bloemfontein – Jan Louis Venter - 083 650 1131

Harrismith – Bom Louw - 082 652 2243

Ermelo – Jacques Jansen van Vuuren – 083 2355 467